NOVEENGEBED om die voorspraak van Sint Luigi Scrosoppi
Salig is die mens wat na die behoeftiges omsien (Psalm 41)

Die Here laat reg aan verdruktes geskied
en gee aan hongeres brood.
Die Here maak gevangenes vry.
Die Here laat blindes sien.
Die Here rig bedruktes op.
Die Here het regverdiges lief.
Die Here neem vreemdes in sy beskerming
en staan weduwees en weeskinders by.
Maar die pad van sondaars versper Hy.
Bid elke dag vir nege opeenvolgende dae die Heilige Rosekrans en volg dit op met dié gebed om die voorspraak van St. Luigi Scrosoppi.
Ons dank U vir u kragtige liefde wat U
in St. Luigi Scrosoppi openbaar het.
Deur hom het U vir ons
die lig van heilige priesterskap en
die wonder van ‘n lewe aan U toegewy, laat skyn.
‘n Lewe geheel en al oorgegee
aan die versorging van die behoeftiges en siekes.
Met vertroue vra ons U
dat u Kerk deur die heiligheid van u bedienaars
‘n lig sal wees en dat daar ‘n toeloop sal wees
van mense wat in die priesterlike en religieuse bediening
hul begeerte sal kan uitleef om U
in die geringste onder die mense diensbaar te wees.
St. Luigi, Vader van die Behoeftiges, bid vir ons.
St. Luigi, Beskermer van die Geringes, bid vir ons.
St. Luigi, Behoeder van die Kleintjies, bid vir ons.
Ek maak my gebed deur Christus, my Here,
Hy wat saam met die Vader en die Gees
leef en heers, één God, tot in alle ewigheid. AMEN.